


# Week 9

# VLOA-Opsomming

| | |
|---|---|
| Welstand | • Maats leer hoe om hulle lyfies warm aan te trek wanneer dit koel is.<br>• Ons doen groot motoriese ontwikkeling deur middel van ons kinetiese sessie.<br>• Fyn motoriese vaardighede word ontwikkel deur die knyp, druk, manipulasie, plak, verf, knip en vashou van onderskeie materiale. |
| Identiteit en samehorigheid | • Maats leer dat ons nie vir mense wat ons liefhet mag jok nie.<br>• Kleuters word die geleentheid gegun om hulself uit te druk tydens sirkelsessies, bybelstorie- en lesbesprekings.<br>• Selfstandigheid en verantwoordelikheid word bevorder deur die daaglikse roetine wat toegepas word en die uitdeel van werkies en verantwoordelikhede, soos om op te ruim, kunswerke volgens juffrou se instruksies te voltooi ens. |
| Kommunikasie | • Maats word die geleentheid gegun om sosiaal met ander maats te kommunikeer tydens klasbesprekings en groepspel.<br>• Kleuters "lees" saam met juffrou die illustrasies van die bybelstorie en tema. Tydens hierdie "leeservaring" word vorms, kleure ens. uitgewys en bespreek.<br>• 'n Gediggie en stories word geluister, gedramatiseer en bespreek.<br>• Maats kleur met waskryte in en "skryf" hulle name op hulle kunswerke.<br>• Juffrou vra deurlopend vir maats vragies wat hulle moet beantwoord.<br>• Bepaalde woorde word aan maats omskryf ten einde hulle woordeskat te verbeter. |
| Verken wiskunde | • Die nommer "vier" word vir die week behandel. Maats moet tot by vier tel.<br>• Maats moet blare op grond van kleur sorteer.<br>• Maats leer van kleurverbindings.<br>• Maats leer van die reghoek (die vorm hierdie week).<br>• Maats leer van die lewensiklus. |
| Kreatiwiteit | • Uitdagings wat opgelos moet word, word deur middel van die week se storie en aktiwiteite aan maats gestel.<br>• Maats verf en oefen dus hoe om verfkleure apart te hou en kwaste skoon te hou.<br>• Maats leer hoe om 'n skêr, kryt en kwas vas te hou.<br>• Maats word die geleentheid gegun om vir juffrou te vertel van die kunswerke wat hulle geskep het.<br>• Maats dramatiseer 'n kort gedig en storie.<br>• Kreatiwiteit word ook deur kammaspel bevorder. |
| Kennis en begrip van die wêreld | • Aandag word aan herfs as seisoen gegee.<br>• Vryspel bied aan maats die geleentheid om hul omgewing te ondersoek.<br>• Maats verken saam met juffrou tegnologiese hulpbronne.<br>• Kleuters voltooi skeppende manipulasie-take soos die herfsboom wat hulle maak. |

# SIRKELSESSIE
## *Van die week*

- Dag van die week
- Maand
- Verjaarsdae op hierdie dag
- Nuuswaardighede
- Seisoen
- Weer
- Nommer van die week: ***Vier (4)***
- Vorm van die week: ***Reghoek***
- Kleur van die week: ***Geel***

***Maats moet daagliks die vorm met hul vingers in die lug vorm/skryf en moet tot by 4 tel terwyl hulle ritmies hande klap.***

## Sirkelbespreking van die week



Ontmoet vir:



# Giggeltjie-Geel

# Giggeltjie-Geel *(Die storie)*

Giggeltjie-Geel bly in die Vla-Vallei! Alles in hierdie vallei is haar gunsteling kleur - geel. Sy loop elke middag na skool verby die vla-vlaktes en onderdeur die goudgeel piesangs wat aan die piesangbome langs die pad hang. Dan kyk sy met 'n groot glimlag op na die baie geel kanaries wat in die piesangbome sit en sing.

Vandag loop Giggeltjie-Geel weer van die skool af huistoe en sy dink sommer so in die stap aan haar mamma vir wie sy baie lief is. Giggeltjie-Geel besluit sommer dadelik om vir mamma blommetjies te pluk. Sy buk af en pluk vir mamma goudgeel veldblommetjies. Dan sien sy die mooiste geel varkore langs 'n dammetjie staan! Sy stap vinnig verby die dam waarin donsige geel eendjies te lekker swem en gaan pluk vir mamma arms vol van die goudgeel varkore. Tevrede stap sy dan met al die mooi geel blomme na haar huisie toe.

Toe Giggeltjie met die hande vol blomme by die huis se deur instap sit mamma op die stoep en kuier saam met Ouma Geel. Giggeltjie besluit net daar en dan dat Ouma Geel ook blomme moet kry. Sy gee vir mamma die mooi varkore en druk die geel veldblommetjies in ouma se hande. "Dankie dat julle altyd so hard werk en so mooi na my kyk. Ek is sommer baie lief vir julle albei en my geel wêreldjie sou nie so mooi sonder julle gewees het nie!"

**Vertoon hierdie week vir Giggeltjie-Geel in die klas**

Maats kan die ganse week vir Giggeltjie-Geel kossies gee om te "eet". Hulle kan groen speelgoed bring waarmee sy kan "speel". Sy kan dalk selfs geel blommetjies kry! Moedig maats aan om gepaste geel items vanuit die klas of van die huis af vir Giggeltjie te bring.

**Probeer hierdie week om GEEL verf, klei ens. in aktiwiteite te gebruik sodat maats geleenthede het om die kleur te identifiseer.**

**Vra deurgaans vir maats watter kleur die verf, klei ens. is.**




Mollie


1
2


4
Mollie

# Bybel-illustrasies






**Visuele prosessering:** Die skinker se jas is ORANJE / Die farao sit OP die troon / Daar is DRIE piramides

# Bybelles

*Josef en Potifar*

# DAG 1-2

Die mans wat Josef gekoop het, het hom na die land van Egipte toe geneem. Hier is hy aan 'n man met die naam Potifar verkoop. Potifar was 'n baie belangrike man. Hy het vir die koning van Egipte (die farao) gewerk.

Potifar was baie goed vir Josef gewees en dit het gemaak dat Josef sommer baie hard vir Potifar gewerk het. Potifar het gesien dat Josef sommer baie hard werk en het toe vir Josef 'n belangrike werk gegee. Hy het vir Josef die baas of hoof van sy huis gemaak.

Eendag wou Potifar se vrou hê Josef moes iets doen wat hy nie wou doen nie. Toe Josef vir haar sê hy wil dit nie doen nie, het sy sommer baie kwaad geword. Sy het toe vir Potifar leuens oor Josef vertel. Potifar het sy vrou se leuens geglo en vir Josef in die tronk laat gooi.

## Woordeskat-ontwikkeling

**Farao**

Die koning van Egipte

**Baas**

Iemand vir wie ons werk

**Leuen**

Iets wat nie waar is nie

## Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Hoe oud was Josef toe sy boeties hom aan die vreemde mans verkoop het?
- Na watter land het die mans vir Josef geneem?
- Vir wie het Josef in Egipte gewerk?
- Vir wie het Potifar gewerk?
- Wat het Potifar met Josef gedoen nadat sy vrou vir hom leuens oor Josef vertel het?

## Lewensles

Ons mag nie soos Potifar se vrou jok nie

# Bybelles

## *Josef in die tronk*

# DAG 3-4

Terwyl Josef in die tronks was het die baas van die tronk, die tronkbewaarder, gesien dat Josef 'n goeie man was. Hy stel toe vir Josef oor die gevangenisse (die ander mense in die tronk) aan. Een van hierdie gevangenisse was 'n skinker en 'n ander gevangenis was 'n bakker. Die skinker en die bakker het altwee vir die farao (die baas van die land) gewerk. Hy het vir hulle kwaad geword en hulle in die tronk gegooi.

Een aand het altwee, die skinker en die bakker, snaakse drome. Hulle weet nie wat die drome beteken nie. Hulle vertel toe vir Josef van hulle drome. Met God se hulp vertel Josef vir hulle wat hulle drome beteken. Josef vertel vir die bakker dat die farao sy kop gaan laat afkap en hy sê vir die skinker dat hy weer vir farao sal werk. Dit gebeur toe presies so. Die farao het die bakker se kop laat afkap en die skinker uit die tronk vrygelaat om weer vir hom te kom werk.

Voodat die skinker uit die tronk is, het Josef vir hom gevra om assblief van hom te onthou. Maar die skinker vergeet van Josef en arme Josef moet in die tronk bly.

Vra vir maats om die storie vir jou terug te vertel.

### Woordeskat-ontwikkeling

**Gevangenis**

Iemand wat in die tronk is

**Bakker**

Iemand wat brood en koek bak

**Skinker**

Iemand wat wyn vir die koning skink

### Lewensles

*Anders as die skinker, moet ons doen wat ons beloof om te doen*

## *Josef en farao*

# DAG 5

Een aand kry die farao snaakse drome. Hy laat wyse manne kom om sy drome te kom verduidelik, maar hulle weet nie wat farao se drome beteken nie. Toe onthou die skinker van Josef en vertel vir die farao dat Josef in die tronk vir hom vertel het wat sy droom beteken het.

Die farao laat vir Josef uit die tronk kom. Josef verduidelik toe met God se hulp vir die farao wat sy drome beteken. Die farao is sommer baie bly en besluit dadelik om vir Josef aan te stel om vir hom te werk. Josef moes sorg dat die land se skure vol graan is sodat daar genoeg kos sou wees tydens die hongersnood waarvan die farao gedroom het.

**Herhaal terme**

Farao/Baas/Leuen
Gevangenis/Bakker
/Skinker

### Lewensles

*Ons moet altyd in God bly glo want hy vergeet ons nooit nie*

# TEMA

*(Gedig, lied en storie)*

In die herfs verkleur die blare,

dit gebeur nog al die jare.

Geel en roes en bruin,

waardeur die son so mooi kan skyn.

Voëltjies maak nou reg,

om te vlieg, ver, ver weg.



## GEDIGGIE VAN DIE WEEK

*In die herfs (CD)*

***Die gedig leer vir maats wat in die natuur gebeur wanneer dit herfs is.***

***Laat maats die gediggie dramatiseer.***

***Bespreek deurgaans die klanke wat maats in die gedig hoor.***

## LIEDJIE VAN DIE WEEK *Dan is dit herfs (CD)*

**Die lied leer vir maats hoe ons die herfs identifiseer. Dit omskryf hoe die weer lyk, wat ons aantrek en eet. LET OP: Die liedjie is moeilik en kernbegrippe daarin moet dus eerder gedramatiseer word as wat maats probeer om dit saam te sing.**

## STORIE VAN DIE WEEK

*Die herfskabouter (CD)*

***Hierdie week verf Mollie saam met 'n herfskabouter die blare oranje, geel, bruin en rooi. Die storie word gebruik om vir maats die herfskleure te leer. Hierdie week is die STEAM-les ook in die storie ingebou. Maats leer van lewensiklusse in die natuur.***

***Luister elke dag 'n stukkie van die storie en vra vir maats na afloop daarvan wat hulle dink die volgende dag in die storie gaan gebeur (kritiese- en kreatiewe denke).***

***Vra vir maats of hulle kan onthou wat die vorige dag in die storie gebeur het voordat jy die storie die volgende dag verder speel (ouditiewe geheue).***

***Op dag vyf kan maats die storie self dramatiseer of hul eie variasies daarvan weergee.***

# TAFELSTORIE VAN DIE WEEK

*(Hierdie week pak ons 'n krat uit. Ons gaan buite werk!*
*Gebruik die handpop en pak die krat stuk-stuk saam met maatjies uit!)*

**Pak items wat herfs illustreer op die tafel uit (gekleurde blare, 'n hark ens.)**

Mollie en pappa gaan vandag verf! Hulle gaan hulle muishuis sommer helder met oranje, rooi, bruin en geel verf! Mollie help vir pappa om al die blikke verf uit 'n krat in die motorhuis te pak. Terwyl pappa die kwaste ook uitpak speel Mollie solank met sy **albasters** *(haal albasters uit die krat)*. Pappa sien dat Mollie te lekker met die albasters speel en kry hy 'n plan. Pappa bring vir Mollie 'n **bierboks** *(haal 'n bierboks uit die krat)*. Hulle gooi al Mollie se albasters in die bierboks. Pappa gooi dan **geel en rooi verf** saam met die albasters in die boks *(gooi verf saam met die albasters in die boks)*. Mollie skud die boks dan opgewonde. Dit is vir hom sommer baie lekker om te sien hoe die albasters in die boks op en af rol! Na 'n rukkie kom Mollie agter dat die geel en rooi verf oranje strepe in die boks begin maak want geel en rooi wat meng word mos oranje! Wil julle sien maats? *(Laat maats die boks op en af skud sodat die albasters heen en weer rol en die verf kan meng.)*

Toe Mollie klaar so lekker gespeel het, help hy vir pappa verf. Sy hele lyfie is naderhand vol verf en oral waar hy loop trap hy klein verfspoortjies! Wil julle ook verfspore maak? *(Rol 'n groot* ***vel bruinpapier*** *op die grond uit. Teken 'n droë boom daarop. Laat maats nou hulle hande of voete in* ***oranje, rooi of geel verf*** *meng en dan "herfsblare" vir die boom skep." Nou leer ons hoe 'n herfsboom lyk!)*

Toe hulle klaar die huis geverf het, vra mamma of hulle die blare in die tuin kan ophark, want in die herfs verloor die bome mos baie blare! *(Pak verskillende kleure* ***papierblare*** *op die vloer uit. Laat maats nou die blare* ***hark****/optel en volgens kleur in stapels pak.)*

Daardie aand is pappa en Mollie moeg. Hulle sit en luister hoe die wind buite waai. Mamma bring vir hulle lekker koffie en malvalekkers. Mollie tel vir hom tien **malvalekkers** af en laat dit in sy koffie dryf. *(Laat maats malvalekkers af tel.)*

Tematafels moet **ERVAAR** word...



# TEMA-ILLUSTRASIES *(Visuele persepsie)*

Dag 1 en 2



In die herfs verkleur die blare en gras.  Die blare word geel, bruin en oranje.  Die gras word vaal bruine en gele.
Die bome verloor hul blare.
Die voëltjies vlieg in swerms weg na warm lande.

Dag 3 en 4





In herfs dra ons warmer klere (truie, langbroeke en soms musse om ons ore teen die wind te beskerm).
Die wind waai meer en ons kan soms selfs 'n vlieër vlieg.
In party dele van die land kan dit in die herfs reën en dan dra ons reënskoene en gebruik ons sambrele om droog te bly.

Dag 5



Wanneer dit koeler word drink ons warmer drinkgoed en eet ons warmer kos.
In die herfs bly ons meer in die huis as in die somer want die weer buite is koeler en soms kan die wind onplesierig (sterk en koel) waai.

# TEMA-LES

## *Tekens van herfs*

# DAG 1-2

Herfs is die seisoen wat net na somer kom. Dit begin dan ’n bietjie kouer word, veral vroeg in die oggende en in die aand. Die dae word ’n bietjie korter en die nagte langer en dit lyk of die son so bietjie flouer word.

Ons kan sien wanneer dit herfs is aan die gras was nie meer helder groen is nie. Grassies word gelerig en vaal. Die bome word egter nie vaal nie. Hulle blare verkleur in die mooiste helder kleure. Hul blare word geel, oranje, rooi en bruin. Dit is pragtig. Later in die herfs begin die blare ook so bietjie van die bome afval. Dit lê dan oral op die gras. Dit is pragtig!

Wanneer die bome begin kaal word, begin die voëltjies ook regmaak om na warmer lande weg te vlieg. Hulle hou nie van koue nie en wil nie hier wees as die winter kom nie. Wanneer die herfs verby is, sal hulle weer terugvlieg na ons land toe.

### Kinestetiese leer

Laat maats na buite gaan en gaan soek vir herfsblare. Dui vir hulle op die bome en gras wat verkleur en gee vir hulle die geleentheid om hulle omgewing vir tekens van herfs te ondersoek.

### Woordeskat-ontwikkeling

| | | |
|---|---|---|
| Herfs | Flou | Trui |
| Geel | Koel | Mus |
| Oranje | Koud | Reën |
| Rooi | Wind | Reënskoene |
| Bruin | Waai | Saambreel |
| Vaal | Langbroek | Vlieër |

## *Herfsklere*

# DAG 3-4

In die herfs begin ons al ’n bietjie warmer aantrek want die lug begin koeler word en die wind waai soms baie sterk. As die wind baie sterk waai trek ons langbroeke, truie en soms selfs mussies aan om die wind uit ons oortjies te hou. In sommige dele van die land kan dit soms in die herfs reën. Ons trek dan ons reënskoene aan om ons voetjies lekker droog en warm te hou. Ons loop dan ook met sambrele sodat ons lyfies nie nat moet word nie.

Wanneer die wind hard genoeg waai kan ons ’n vlieër vlieg! Vlieërs is wonderlike speelgoed wat hoog in die wind waai! Wanneer daar nie wind is nie, kan hulle nie in die lug bly nie.

### Kritiese denke

- Is herfs kouer as somer?
- Hoekom moet ons ons lyfies warm hou as dit koel begin raak?

# TEMA-LES

## *Herfs en kos*

# DAG 5

**Kinestetiese leer**

Vra vir maats om aan nog voorbeelde van warm kos en drinkgoed te dink!

In die somer eet ons koue kos soos slaai, kouevleis en roomys, maar wanneer dit koeler begin word in die herfs, eet ons warmer kos.

Ons drink dan lekker warm sjokolade of koffie om ons lyfies warm te hou. Mamma maak dan ook warmer kosse en happies soos:

- pannekoek,
- melkkos, en
- gekookte kos.

Ons is gelukkig om warm borde kos en warm klere te hê wat ons lyfies kan help warm hou, want baie mense het nie kos of warm klere nie.



Maats moet dankbaar vir hulle warm borde kos wees!


## Knip en blaas

Gee vir elke maat 'n blaar of help maats om die onderstaande blare uit te knip (slegs een blaartjie hoef uitgeknip te word). Gee dan vir elke maat 'n strooitjie. Vandag is hulle die wind! Laat maats die strootjie gebruik om die blaar oor 'n afstand te "waai". Hierdie kan 'n resies ook wees! Maats kan kyk wie hul blaar die vinnigste oor 'n bepaalde afstand kan blaas!




## Verf en spat

Laat maats die blaar bruin verf. Wanneer die blaar droog is moet maats dan geel, rooi en oranje verf met tandeborsels oor die blaar spat.



## Knip, skeur en plak

Laat maats fyn stukkies boombas of ander teksture op die onderstaande boom plak. Laat hulle dan rooi, geel en oranje papier in fyn stukkies skeur en as "blare" op die boom plak.




## Inkleur/Verf

Laat maats vir Giggeltjie-Geel goudgeel inkleur of verf.

# Giggeltjie-Geel






## Manipuleer en druk

Laat maats die buitelyne van die vier en ook die reghoek met kleislange nagaan. Laat hulle volgende die blare tel.

4



# KINETIKA

## Benodighede

| | | |
|---|---|---|
| Hoepels | Gekleurde vorms | Rakket |
| Groot Balle | Toue | Bakens |
| Balanseerbalk | Boontjiesakkies | Vorms |

### Opwarming

Rol 'n hoepel voor maats uit. Hulle moet dan agter dit aanhardloop. Maats moet hul arms nou in sirkelbeweging vorentoe en agtertoe swaai. Laat maats laastens sirkelbewegings met hulle koppe maak deur dit vorentoe en agtertoe te beweeg.

### Balans

- Maats moet vorentoe oor 'n balanseerbalk loop tewyl juffrou 'n bal vir hulle gooi.
- Plaas volgende sakkies verspreid oor 'n balanseerbalk uit. Maats moet dan vorentoe loop, sakkies optel en vir juffrou gooi.
- Laat maats op een been staan en 'n bal vang wat deur juffrou gegooi word.
- Laat maats sywaarts oor die balanseerbalk loop.

### Lateraliteit

- Plaas 'n tou op 'n gelyke opervlakte neer. Laat maats oor die tou loop en 'n bal links en regs van die tou bons. Maats moet telkens probeer om die bonsende bal te vang. Onthou, dat dit nog vir kleuters moeilik sal wees om die bal te vang.
- Laat maats nou die bal alternatiewelik met hul linker- en regterhande bons.
- Laat maats die bal nou alternatiewelik met hul linker- en regtervoet teen die muur skop.

### Koördinasie

- Laat maats 'n groot bal met 'n rakket vorentoe dribbel.
- Laat maats 'n bal tussen hoepels deur dribbel.
- Plaas twee bakens ongeveer een meter voor elke maat. Laat maats die bal deur bakens slaan. Oefen akkuraatheid oor die 1m afstand.

### Ruimtelike oriëntering

"Musical shapes" - Laat maats op die maat van musiek in die rondte om uitgepakte vorms hardloop. Sodra die musiek stop moet maats telkens op juffrou se bevel op 'n driehoek/vierkant ens. gaan sit.

### Afwarming

Arm- en beenstrekke.

